# Hoofstuk van die dag: Spreuke 19

> *Wie prys stel op die gebod van die Here, stel prys op sy eie lewe; wie nie omgee hoe hy lewe nie, sterf. (vers 16)*

Liewe Jemen

Jy sal ook dink ek kerm die hele dag net al om die een draai, en jy is reg ook, want Rehabeam se dinge bly steeds by my spook. Sy hart is stukkend oor sy vriendinnetjie, maar ek vrees dié verhouding is vir goed verby. Haar pa weier dat daar enige kontak tussen hulle twee is, en het haar nou verloof aan 'n Sidoniese prins.

Ek hoop net Rehabeam leer uit die hele fiasko sy les. 'n Mens kan nie met die sonde speel en dink 'n paar woorde van berou gaan alles weer regmaak nie. Sonde het mos maar die manier om dit wat mooi is, stukkend te breek. Sekere dinge kan nie reggemaak word nie, al het jy ook hoeveel berou, net soos jy nie 'n erdekruik kan heelmaak as hy eers flenters geval het nie.

Ek dink ons sal almal baie versigtiger optree as ons dít mooi besef. Veral ons verhoudings met die mense wat vir ons kosbaar is, is so kwesbaar. Ek verbaas my partykeer hoe mense met ander kan mors en daar niks van dink nie. En dan wonder ek ook hoe God moet voel as ons Hom ignoreer of seermaak – en ons doen dit elke dag! En al wat my dan tot rus bring, is die wete dat God gelukkig nie soos ons is nie. Anders was ons almal verlore.

Dink asseblief maar aan Rehabeam. Hy kry baie swaar.

Groete aan Abimeleg en Adoniram.

Jou vriend vir altyd,

Salomo ben Dawid

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026